

ADVERTENSIE-ARTIKEL || NEUSBERG-HIDROSKEMA

Hele dorp sal binnekort hidrokrags gebruik

Die land se eerste vloei-vanuit-rivier-waterkragsentrale vir die REIPPP (Renewable Energy Independent Power Producers Programme) is sowat 12 km stroomop in die Oranjerivier van Kakamas af in aanbou.

Kakamas sal dus binnekort weer met 'n waterkragsentrale kan spog. Dit is veral betekenisvol omdat die dorp ongeveer 100 jaar gelede ook deur hidrokrags van elektrisiteit voorsien is.

Kakamas het destyds op Schroder 'n waterkragsentrale gehad, wat op sy dag 'n pronkstuk was en die hele dorp vanaf 1913 tot ongeveer 1955 van elektrisiteit voorsien het.

Die kragstasie in aanbou is langs die Neusberg-stuwal geleë, en sal by voltooiing 10 mW krag kan opwek wat genoeg sal wees om sowat 5 000 huishoudings van elektrisiteit te voorsien.

Kakamas sal dus teoreties weer sy elektrisiteit uit hidrokrags kan kry. Nes sy eertydse eweknie, is hierdie ook 'n "vloei-vanuit-rivier"-kragstasie. Hierdie term verwys gewoonlik na elektrisiteit wat opgewek is deur die energie van die water wat van 'n hoër na 'n laer hoogte vloei, te gebruik.

Vloei-vanuit-rivier-skemas verbruik geen water nie, maar herlei bloot 'n klein deel van die natuurlike vloei deur omleiding van die rivier in 'n kanaalstruktuur.



Wanneer die Neusberg-projek afgehandel is, sal die water van die Oranjerivier deur hierdie turbines vloei om krag op te wek tot voordeel van nabygeleë Kakamas.

Die gedeelte van die water wat herlei word, vloei dan deur turbines, wek krag op en keer daarna terug na die rivier. Geen water word opgedam of teruggehou nie, en die kragstasie is te alle tye onderworpe aan die seisoenale vloei van die rivier. Water word ook geensins in die proses besoedel nie.

Hierdie is 'n uitstekende manier om van natuurlike hulpbronne gebruik te maak.



Die hidro kundiges van Hydro Tasmania op die terrein is van links Eoin Nicholson, Christoff le Grange en Scott DeKeizer. Foto's: VERSKAF

Projek bring inkomste na streek deur werkskepping

Konstruksie van die nuwe kragstasie is reeds meer as 'n jaar aan die gang.

Benediens die broodnodige elektrisiteit wat by voltooiing aan die omgewing gelewer sal word, verskaf dit ook tans werk aan plaaslike gemeenskappe in die afgeleë omgewing waar werksgeleenthede kosbaar is.

Nagenoeg 50% van die mannekrag word uit die Kakamas/Keimoes-omgewing voor-

sien. Plaaslike ondernemings, die eiendomsmark, gastehuisbedryf en toerisme hier in die Groen Kalahari, baat ook by die projek.

Kontrakteurs en ander kundiges van buite die Noord-Kaap en selfs oorsee, is betrokke by die projek en doen hul aankope plaaslik, huur behuising en dies meer.

'n Plaaslike gemeenskaps-trust besit ook 'n persentasie van die kragstasie.

Sodoende sal daar vir die leeftyd van die kragstasie 'n inkomste vir die gemeenskap wees.

Konstruksiewerke en die projek as sulks het geen invloed op die voorsiening van besproeiingswater nie.

Die omgewing waar daar tans gewerk word, is ongelooflik mooi. En langs die N14 buite Kakamas gaan klippringers en springbokke ongestoord hul gang.



Werkers op die terrein naby Kakamas waar die Neusberg-kragsentrale in aanbou is. Daar word tans goed gevorder met die projek.

ADVERTENSIE-ARTIKEL || NEUSBERG-HIDROSKEMA



Die kanaal wat water aan die boerderygemeenskap lewer, is behou met die bou van die Neusberg-kragsentrale. Die nuwe kragstasie se water gaan terug in die rivier. Foto: VERSKAF

Neusberg-hidrokragsstasie is eerste van vele

Die ontwikkelaars van hierdie vloei-vanuit-rivier-sisteme, Hydro SA en Hydro Tasmania, is vasbeslote om soortgelyke kragentrales te ontwikkel en sodoende hulle deel te doen om Suid-Afrika se kragkrisis te help verlig.

In samewerking met hul vennote, Hydro Tasmania (Suid-Afrika), word daar ernstige oorweging geskenk aan moontlike verdere projekte langs die Boegoeberg-stuwal en stroom af van die huidige projek by Riemvasmaak.

Hierdie projekte sal uitgevoer word in ooreenstemming met die

riglyne van die IHA (International Hydro Power Association).

Die voorgestelde Riemvasmaak-projek sal meestal ondergronds wees en is 3 km verwyder van die Augrabies-waterval.

Alle moontlike voorsorg sal getref word om te verseker dat die projek bykans geen impak op die natuur, vloei van die rivier of estetiese omgewing sal hê nie. Die ideaal is dat Riemvasmaak een van die spog-hernubare energieprojekte in die land sal wees.

Waterkragsentrales se leeftyd is uiteraard baie langer en dit is ook 'n meer konstante bron van kraglewe-

ring as wind- of sonkrag. Veral in die Oranjerivier wat gereuleer is sodat daar altyd water vloei.

Daarenteen waai die wind nie altyd nie en skyn die son net bedags!

Hydro Tasmania (die moedermaatskappy van Hydro Tasmania Suid-Afrika) het reeds 2 500 mW waterkragsentrales gebou. Hulle behoeft steeds hierdie stasies en hou dit in stand. Hul oudste stasie is in Oktober vanjaar 100 jaar oud en nog steeds in werking.

Hierdie projekte en bronne van groen energie vir die laer Oranjerivier sal op internasionale vlak ikonies wees en, benewens besproei-

ingsgewasse en veral uitvoerdruie, ook hydra tot die finansiële voorspoed van die omgewing.

Vir die volgende 80 na 100 jaar sal hidrokrags in plaas van steenkoolkrag in die omgewing voorsien kan word. Op dié manier is die volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne en bewaring van die natuurskoon verseker, hier waar die kosbare water van die Oranjerivier die woestynlandskap van die Groen Kalahari ontmoet.



Sien dieburger.com en ons app vir 'n video